


trines which had gained some currency make the response of the 'believers' to the prophecy even more explicable. Indeed, Peires argues that 'the cattle-killing was a logical and rational response, perhaps even an inevitable response, by a nation driven to desperation by pressures that people today can barely imagine' (p.x). It is a persuasive argument, demonstrated with an empathetic sensitivity to belief systems, with an awareness of the nuances of language, and with due recognition of the material roots.

For this reviewer the second half of the book was less powerful than the first. Much of the later chapters is taken up with a hard-hitting attack on the colonial order, as embodied in the persons of Grey, Maclean, and Gawler. This is a necessary component of the account because, as Peires shows, if Grey did not actually orchestrate the cattle-killing, he certainly exploited it ruthlessly to his own advantage. In these later sections, however, some of the coherence of the account is lost. The narrative thread, in the first half so well sustained and neatly interwoven with the analytical sections, tends to break up.

Trying to situate Peires's book historiographically makes for an interesting exercise. The relatively large narrative component sets it apart from most of the work produced in recent years by South Africanist scholars who can be loosely labelled as revisionist. Although Peires's analysis is sensitive to the material base, the book is almost entirely free of Marxist concepts and jargon. When was a book last written by a radical scholar about a pre-capitalist African society without any mention of the term 'mode of production'? Some critics might be inclined to place the book firmly in an earlier Africanist historiographical tradition, marked by a deep affinity for Africans, and sympathy for African victims of the evils of colonialism.

*The dead will arise* has ingredients that make it a most readable book. The style is often vivid, never pedestrian. There are touches of satire and humour — necessary, perhaps for light relief? Some readers may leave with the impression that Peires has an undue fascination for the gory and the macabre. Certainly there are detailed accounts of atrocities and torture, and gruesome descriptions of cattle dying from lung sickness and people from starvation. There are the finely drawn portraits of the major actors: Maclean and Gawler. There is Peires's own genuine moral outrage at the horrors of colonialism. Most of all there is the fine historical reconstruction and sensitive, nuanced analysis of a tragic event.

PAUL MAYLAM  
University of Natal (Durban)



D. PICTON-SEYMOUR. *Historical buildings in South Africa*. Struikhof: Kaapstad, 1989. 192 pp. Geïll. R49,95 (eksklusief). ISBN 0 947458 01 8.

Met die toename in omgewingsbewustheid kan studies oor boukuns begrip vir die verhouding tussen die mens en sy omgewing vergroot — iets wat besig is om ook in Suid-Afrika pos te vat. Bewys hiervan is die publikasie *Historical buildings in South Africa*. Dit is gerig op die algemene kultuur-geïnteresseerde publiek en sowel in die aanbieding as in die gehalte van die teks is dit 'n aansienlike verbetering op die

outeur se *Victorian buildings in South Africa* (1977).

In laasgenoemde het die massa gegewens die werk grotendeels ontganklik vir die algemene publiek gemaak. Ook vir die vakman was dit minder bruikbaar vanwege ongekontroleerde gegewens en ontbrekende bronverwysings. Met *Historical buildings* het die outeur klaarlik uitstekende redaksionele hulp ontvang — inkonsekwentheid soos in haar vorige boek is afwesig. Die keuse van geboue in die nuwe boek is — behalwe dié van nasionale belang — bloot persoonlik, soos sy in haar inleiding skryf, en op sigself kan niemand daarteen beswaar inbring nie. Dit relatiewe wel die waarde van 'n boek met 'n titel soos hierdie.

Sowel die titel as die omvangryke dekking van geboue suggereer gesaghebbendheid en objektiwiteit. Maar daarin skiet die boek ver tekort. In die eerste plek vermag 'n mens vandag in Suid-Afrika 'n meer inklusiewe visie en respek vir die kulture wat nie 'n Westerse herkoms het nie. 'n Mens soek verniet na verwysings na die bouskatte van die swart kulture in die land. Wel gee die outeur aandag aan die boukuns van die Bo-Kaap (p. 27) en enkele moskees en tempels in Natal (pp. 130-132), maar in sy geheel is die boek blankentrië en gerig op die blanke elite-mark.

Tweedens dra die 19de-eeuse benadering weinig by tot 'n verstaan van die breë problematiek rondom omgewingsbewaring. Die verouderde opvatting blyk veral uit die isolasie waarin geboue bespreek word, sowel wat hul fisiese as nie-fisiese omgewing betref.

Verder moet die boek nie sonder meer as betroubare bron oor die Suid-Afrikaanse boukuns gebruik word nie. Die eerste stasiegebou in Johannesburg was byvoorbeeld nie 'n ingevoerde uitstalsaal uit Amsterdam nie, maar is spesiaal deur J.F. Klinkhamer ontwerp (p. 150). Verder is nie alle NZASM-stasiegeboue in Nederland ontwerp nie, maar die meeste plaaslik deur V.A.H.C. van Lissa (p. 179). Ook die stylaanduidings is misleidend en verwar-

rend: Kaaps-Hollandse gewels uit die einde van die 18de eeu word 'neo-classical' genoem en die tweede beursgebou in Johannesburg 'n eeu later 'classical'.


Nietemin bied die boek 'n deeglike oorsig van bestaande voorbeelde van veral die blanke argitektuurskat. Dit is volgens die vier provinsies verdeel met 'n deels willekeurige rangskikking van stede en dorpe in elke provinsie. Kassies waarin verder op interessantheid soos sosiale figure, argitekture, bouonderdele en -tegnieke, gebeurtenisse en boustyle ingegaan word, onderbreek die teks op 'n onderhoudende wyse.

Die talryke volkleurfoto's is een van die bates van die boek; tog gee die doelbewuste, byna algehele afwesigheid van die menslike figuur aan die geboue 'n onwerklike en leweloze voorkoms wat die leser ook sonder 'n skaalaanduiding laat. Op een foto ná (p.183) is ook geen historiese foto's of tekeninge van geboue opgeneem nie.

Dit is bemoedigend dat uitgewers bereid is om boeke van sulke uitstaande produksiegehalte die lig te laat sien. Die boek is in groot formaat en hanteer maklik omdat dit geplastifiseer is. Daarby is dit gedruk op swaar papier en goed gebind.

Ten slotte ontstaan die vraag of die boek werklik 'n nuwe bydrae tot die populêre literatuur oor die Suid-Afrikaanse boukuns maak. Weinig nuwe inligting of insigte kom in dié publikasie voor en die waarde daarvan lê waarskynlik eerder in die voortrefflike wyse waarop dit uitgegee is.

G.-M. VAN DER WAAL  
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing



C.C. SAUNDERS *et al.* (reds.). *Studies in the history of Cape Town*. Volume 6. History Department and Centre for African Studies, University of Cape Town: Kaapstad, 1988. R8,00 (eksklusief). ISBN 0 799 211 516.

In die reeds bekende reeks oor die geskiedenis van die 'moederstad' na 1800 is hierdie sesde deel deur personeel en studente van die Universiteit van Kaapstad 'n verdere welkome bydrae. Die nege artikels het 'n bykans eenvormige tema, naamlik die belewenisse van die Kaapse mindergegoedes in die groter wordende stedelike gebied.

Katherine Elks ontleed misdaad en pogings om dit te bekamp in die tydperk tussen 1830 en 1850. Sy wys onder meer op die groot getal drinkplekke wat in die Kaap bestaan het en beskryf ook die euwels wat daarmee gepaard gegaan het. Die opkoms van 'n groot grondbesittersklas word — vir bykans dieselfde periode as in die vorige artikel — deur Digby Warren geskets. Huisvestingprobleme vir die mindergegoedes en hul uitbuiting deur die betergegoedes was 'n algemene verskynsel, terwyl bepaalde woongebiede reeds as toekomstige agterbuurte geïdentifiseer kan word.

In haar artikel beskryf Vivian Bickford-Smith die vinnige veranderinge wat in Kaapstad ingetree het met die koms van die diamant- en goudmynindustrie in die binneland gedurende die 1870's. Voor die tyd was daar nie veel nywerheidsontwikkeling in Kaapstad self nie, maar die gaping tussen groepe inwoners en rassebewustheid het reeds bestaan. Die ontwikkeling van die hawe met fondse wat deur die koloniale besluitnemers bewillig is, het egter gesorg dat Kaapstad sy mededingende posisie as uitvoerhawe behou het, ongeag sy ligging ver van die goud- en diamantmyne.

'The Badge of Respectability' is die titel van Andrea Badham se bydrae oor die rol van die Anglikaanse gemeenskap in die Woodstock-omgewing teen omstreks die eeuwending. Die Anglikaanse Kerk het 'n spesifieke statussimbool verteenwoordig. Dit het opvoeding naamlik tot 'n moreel eerlike leefwyse en finansiële selfstandigheid probeer bevorder ten einde 'n oplossing vir rassevooroordeel en drankmisbruik te bied.

Die vete van vakmanne met hul werkgewes by die Soutrievierse spoorweg-werkplaas en hulle onverwagte steun aan die Suid-Afrikaanse Party word in 'n volgende artikel behandel. Die rede vir dié toedrag van sake spruit klaarlik uit die Soutrievierarbeiders se toenemende konserwatisme en strewe na 'n aanvaarbare middelklasgemeenskap.

Nog 'n groep wat in 'Slawe van die Fabriek' aan die orde kom, is die na-oorlogse kreefvisarbeiders van Houtbaai. Hul probleme en frustrasies word beskryf: die maatreëls wat Frankryk ingestel het om sy eie kreefbedryf te beskerm: hul vergoedingspakte — wat huisvesting insluit het —, ongeletterdheid, armoede, uitbreiding van die stad, hoër tegnologiese eise en hul mislukte pogings om 'n vakbond te stig.

Verl in die studies oor die meer onlangse verlede het die navorsers gebruik gemaak van mondelinge getuieis van nog lewende deelnemers. Dit het dikwels opwindende en bruikbare inligting opgelewer. Bill Nasson, hoof van die projek om mondelinge getuieis in te win, bied juis 'n insiggewende teoretiese besinning oor die metode en waarde daarvan.

In sy oorsigtelike inleidingsartikel gee Christopher Saunders 'n goeie vertolking van die plek en bydrae van die soort studies wat in die bundel opgeneem is. Dit laat die klem val op die betekenis van sodanige 'klein' studies in